Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2023

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 80**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

| AFDELING A: LEESBEGRIP |
|---|
| • Spel- en taalfoute word NIE gepenaliseer NIE omdat die fokus op begrip is.<br>• Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.<br>• By oop vrae word GEEN punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE.<br>• Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.<br>• Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee ŉ volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.<br>• Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en ŉ reeks word gegee, word SLEGS die eerste TWEE/DRIE nagesien.<br>• Aanvaar dialektiese variasies.<br>• Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig vir meervoudigekeuse-vrae geskryf word.<br>• **Of soortgelyk aan bogenoemde** beteken ŉ sinoniem van die voorgestelde antwoord op die nasienriglyn. |

| **VRAAG 1**<br><br>**TEKS A: 'BAKEN VAN HOOP'**<br>[Verwerk uit *Kuier*, 19 Januarie 2022] | | |
|---|---|---|
| | | |
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 1.1 | • Kaapse Vlakte<br>• Lentegeur/Mitchells Plain | 1 |
| | | |
| 1.2 | Hulle betaal glad nie skoolfooie nie. | 1 |
| | | |
| 1.3 | Die skool was een van die top tien skole ter wêreld wat moeilike omstandighede oorkom het.<br>*(Of soortgelyk)* | 1 |
| | | |
| 1.4 | • Die skool is (voorheen) as disfunksioneel beskou.<br>• Die gemeenskap het swak sosio-ekonomiese/arm omstandighede.<br>*(Enige een of soortgelyk)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | | PUNT |
|---|---|---|---|
| 1.5 | • Die skool is disfunksioneel as onderrig en leer nie effektief plaasvind nie./dinge nie reg verloop by die skool nie/dinge nie gaan soos dit moet nie.<br>• Daar is 'n gebrek aan leierskap en visie.<br>• (Massa) baie afwesigheid van onderwysers/kinders.<br>• Onderwysers gee nie klas nie.<br>• Onderwysers en kinders is heeldag op hulle selfone.<br>• Onderwysers is by die skool, maar nie in die klas nie.<br>• Daar is geen hulpbronne nie.<br>• Die skoolgebou voldoen nie aan veiligheid/sanitêre vereistes nie.<br>• Meubels is onvoldoende/gebreek.<br>• Vensters is uit/gebreek.<br>*(Enige een of soortgelyk)* | | 1 |
| | | | |
| 1.6 | • "min of meer" sê vir ons dat dit 'n **skatting** is/hulle weet nie presies hoeveel dit is nie.<br>• Die leerders is nie getel nie/dit is na raming/dit is ongeveer.<br>*(Enige een of soortgelyk)* | | 1 |
| | | | |
| 1.7 | "bakleiery onder 'n klein groepie onderwysers"<br>(*aanhalingstekens nie nodig nie)* | | 1 |
| | | | |
| 1.8 | 1.8.1 | A / 2010 | 1 |
| | | | |
| | 1.8.2 | C / 1982 | 1 |
| | | | |
| | 1.8.3 | D / 2022 | 1 |
| | | | |
| | 1.8.4 | B / 2023 | 1 |
| | | | |
| 1.9 | • Die skool het finansiële/geldelike probleme gehad.<br>• Die skool het nie oor die basiese dinge soos papier beskik nie/Hy moes papier by ander skole vir eksamens 'leen'.<br>• Die skoolterrein was onversorg/woes/nie netjies nie/baie sand en min plante/gras. [Enige twee] | | 2 |
| | | | |
| 1.10 | 1.10.1 | Konnotatief | 1 |
| | | | |
| | 1.10.2 | Dit beteken die skool het probleme gehad/Die skool het deur moeilike tye gegaan/Daar was nie veel hoop vir die skool nie. | 1 |
| | | | |
| 1.11 | • Die skool sal vooruitgaan/gaan vooruit.<br>• Beide partye (die skool én die gemeenskap) vind baat daarby.<br>• (Dissiplinêre) probleme word maklik uitgestryk./Dit help met dissipline.<br>*(Of soortgelyk)* | | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.12 | • Hulle het hard gewerk.<br>• Hulle was kreatief/skeppend. | 2 |
| | | |
| 1.13 | Hierdie skool wys dat:<br>• Jy jou skool se negatiewe status deur harde werk kan verander.<br>• Samewerking tot sukses lei.<br>• ’n Hoof met visie en hardwerkende onderwysers ’n verskil kan maak.<br>*(Of soortgelyk)* | 1 |
| | | |
| 1.14 | • Vier addisionele klaskamers is gebou.<br>• ’n Rekenaarklas is gebou.<br>• ’n Nuwe personeelkamer is gebou.<br>• Die ou personeelkamer is in ’n mediasentrum verander.<br>*(Enige een of soortgelyk)* | 1 |
| | | |
| 1.15 | Dit gaan oor boeke/boeklees/lees. | 1 |
| | | |
| 1.16 | Hulle het ook die **reg tot opvoeding.**<br>Met die nodige ondersteuning kan hulle dalk hul **volle potensiaal bereik**.<br>Dit is die **skool se plig** om alle leerders te help.<br>*(Of soortgelyk)* | 2 |
| | | |
| 1.17 | • Moet nooit moed opgee nie.<br>• Droom groot/moenie ophou droom nie.<br>• Niks is onmoontlik nie.<br>• Betrek jou gemeenskap.<br>• Ontwikkel leerders op alle vlakke.<br>• Spandeer tyd met die kinders.<br>• Belê tyd en aandag in jou leerders.<br>• Toon waardering vir jou personeel.<br>*(Of soortgelyk)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| **TEKS B: VISUELE TEKS**<br>[Bron: https://rb.gy/tjam8y] | | |
| | | |
| 1.18 | Wortels | 1 |
| | | |
| 1.19 | Bevrore hoenderporsies | 1 |
| | | |
| 1.20 | Maart 2022 | 1 |
| | | |
| 1.21 | bruinbrood | 1 |
| | | |
| 1.22 | Om die lees van die teks te vergemaklik/grafiek makliker te verstaan/Om ongeletterdes te help verstaan waaroor hierdie teks gaan. | 1 |
| | | |
| 1.23 | • Ja, mense kry alreeds finansieel swaar.<br>• Mense sukkel na Covid-19.<br>• Lewenskoste is duur.<br>• Baie mense is werkloos.<br>• Die verhoging van 13,2% is meer as wat die gewone man kan bekostig. *(Of soortgelyk)* | 1 |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

**Nasien van die opsomming**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 feite korrek: 1 punt
  - 4–5 feite korrek: 2 punte
  - 6–7 feite korrek: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
  - 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken

  **TOEGEWING:** Indien die kandidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar **een** daarvan is ŉ direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 of 7 punte vir die 6 of 7 feite en 3 punte vir die taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir die opsomming.

  Indien die kandidaat **net een direkte aanhaling** het, verdien die kandidaat net 1 punt vir die aanhaling en geen punte vir taal nie. In hierdie geval kry die kandidaat dus 1/10 vir die opsomming.

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde ná die 70-woordegrens aan lees en nasien. Ignoreer die res van die opsomming.

**VRAAG 2**

**TEKS C: BEHEER SELFKRITIEK.**
[Verwerk uit *Huisgenoot*, 2 Junie 2022]

| DIREKTE AANHALING | | EIE WOORDE |
|---|---|---|
| Ons móét oor ons lewe dink, maar onnodige selfkritiek breek jou selfbeeld af en kan selfs tot depressie lei. Die Kaapse sielkundige, Rosa Bredenkamp, sê jy het elke dag sowat 60 000 gedagtes en dus 60 000 kanse om jou selfbeeld op te bou of af te breek. Die Johannesburgse berader, Belinda Gruenbaum, sê jy moet jou binne-stemmetjie as 'n vriend en nie 'n vyand sien nie. Hier volg haar wenke. | 1 | Jy moet **slegs positiewe raad aanvaar**./Luister net na positiewe raad. |
| | 2 | Jy moet jou i**nnerlike kritikus**/ binne-stemmetjie leer **ken**. |
| | 3 | **Fokus op iets anders** as jy besef jou gedagtes is negatief. |
| Baie mense gee nie om wat hulle sê nie. Jou familie en beste vriende gee jou baie raad. **Aanvaar net positiewe raad** en ignoreer die res. Wees voorbereid: **leer ken jou innerlike kritikus** sodat jy weet watter plek, tye of gebeure selfkritiek veroorsaak. As jy die patroon van negatiewe gedagtes ken, kan jy dit makliker beheer. | 4 | **Vervang negatiewe stellings** met **positiewe stellings.** |
| | 5 | **Kyk rasioneel** na 'n situasie/ **situasies** (deur die bewyse te vergelyk). |
| Die oomblik dat **jy bewus raak van negatiewe gedagtes behoort jy op iets anders te fokus. Negatiewe stellings** soos: 'Ek maak altyd droog' of Dit gebeur elke keer is nie goed vir jou gemoed nie. **Vervang** dit liefs **met positiewe stellings** soos: 'As ek hard werk, kan ek slaag.' | 6 | Jy moet jouself **herinner** aan **jou goeie eienskappe**. / **Prys jouself as jy 'n taak/situasie goed hanteer het**. |
| | 7 | Jy kan **terapie oorweeg**. |
| Wanneer jy voel dat jy deur 'n situasie oorweldig word, is dit 'n goeie idee om **rasioneel na** die **situasie** te **kyk**. Een manier om dit te doen, is om die bewyse dat jy sal slaag of nie sal slaag nie te vergelyk. **Herinner jouself** aan **jou goeie eienskappe** en **wens jouself geluk** as jy 'n situasie of taak goed hanteer het. As jy nie jou binne-stemmetjie van negatiewe kritiek kan stilkry nie, **oorweeg terapie**. | | (47 woorde) |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

| **AFDELING C: TAAL**<br>**ASSESSERINGSRIGLYNE** |
|---|
| • Spelling<br>o Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.<br>o By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.<br>o Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.<br>• Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.<br>• Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae. |

**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**
[Verwerk uit https://rb.gy/58chvu]

| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
|---|---|---|
| 3.1 | • Eienaars van honde/katte.<br>• Diereliefhebbers. | 1 |
| | | |
| 3.2 | Paws24 verwys na diere en die advertensie gaan oor versekering vir honde en katte. | 1 |
| | | |
| 3.3 | viervoetige vriende | 1 |
| | | |
| 3.4 | “Neem die byt uit” beteken **om die slegte uit iets te haal**/dit **wat jou kan seermaak**/**laat swaarkry** weg te neem/te **verwyder.**<br>*(Of soortgelyk)* | 1 |
| | | |
| 3.5 | Met mediese versekering vir mense. | 1 |
| | | |
| 3.6 | ongeluksdekking | 1 |
| | | |
| 3.7 | geld | 1 |
| | | |
| 3.8 | Hy vang vis met ŉ **net.**/Hy het **net** een piesang geëet./Peter was nou **net** hier./Jy moet **net** op jou persoon wees./Die skoen pas **net** mooi./Op die **net** iets soek (internet se verkorting word aanvaar). | 1 |
| | | |
| 3.9 | Nee. Dit is vir honde én katte./Daar is ook ŉ kat op die prentjie. | 1 |
| | | |
| 3.10 | mediese | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**
[Verwerk uit *Mama Taxi*]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | Mama Taxi vra vir haar suster of **sy** onlangs 'n goeie boek gelees **het.** | 1 |
| | | |
| 4.2 | Sy wou nog meer sê/daar is meer om te sê/haar woorde gaan aan in die volgende raampie.<br>*(Of soortgelyk)* | 1 |
| | | |
| 4.3 | Sy kyk net voor haar en nie meer vir Zandi/haar suster nie./Sy kyk nou voor haar. | 1 |
| | | |
| 4.4 | • Sy ry vinnig/sy jaag.<br>• Sy ry oor 'n rooi robot/verkeerslig.<br>• Sy sit met 'n boek voor haar. | 1 |
| | | |
| 4.5 | ry | 1 |
| | | |
| 4.6.1 | • Haar oë is groot.<br>• Die strepies/lyntjies langs haar kop.<br>• Haar tong hang uit.<br>• Haar wenkbroue is opwaarts.<br>• Sy frommel die koerant. | 1 |
| | | |
| 4.6.2 | • Ja<br>○ Dit is gevaarlik om te jaag/robotte te veronagsaam.<br>○ Jy kan 'n ongeluk maak/sterf.<br>**OF**<br>• Nee<br>○ Ek hou van spoed.<br>*(Enige aanvaarbare antwoord)* | 1 |
| | | |
| 4.7 | • Dit is in vetdruk/Dit is vetgedruk.<br>• Dit is in donker/swart letters.<br>• Dit is in hoofletters.<br>• Daar is uitroeptekens/Daar is **!**<br>*(Groot letters word nie aanvaar nie.)* | 1 |
| | | |
| 4.8 | Zandi hou van Facebook (sosiale media) en Mama Taxi hou van 'n boek (in die hand). | 2 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5.1**

**TEKS F: 'N SKOOL WAAR DIE LIGTE NIE WIL AFSKAKEL NIE.**
[Verwerk uit *Maroela Media*, 31 Januarie 2023]

| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
|---|---|---|
| 5.1.1 | seweduisend/sewe duisend | 1 |
| | | |
| 5.1.2 | Niemand **kon** dit afskakel nie./Niemand kon dit afgeskakel het nie. | 1 |
| | | |
| 5.1.3 | • Re-ke-naar-fout<br>• Re/ke/naar/fout<br>• Re+ke+naar+fout<br>(*Enige EEN. Die verdeling moet volledig wees. Aanvaar ook as rekenaarfout met klein letter geskryf is.)* | 1 |
| | | |
| 5.1.4 | einde | 1 |
| | | |
| 5.1.5 | • Dit kos die belastingbetaler **nie** baie geld **nie.**<br>• Dit kos **nie** die belastingbetaler baie geld **nie**.<br>*(Enige een)* | 1 |
| | | |
| 5.1.6 | per | 1 |
| | | |
| 5.1.7 | Hulle wou nie die rekenaarbediener herstel nie **omdat** die maatskappy onder nuwe bestuur geplaas **is**. | 1 |
| | | |
| 5.1.8 | broodnodige<br>*(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.1.9 | TV<br>*(Hoofletters sonder 'n punt.)* | 1 |
| | | |
| 5.1.10 | aanbieder<br>*(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.1.11 | Gloeilampe **is deur** onderwysers in klaskamers **verwyder**.<br>*(Indien die kandidaat geverwyder skryf, verbeur hy/sy die punt.)* | 1 |
| | | |
| 5.1.12 | Dit is 'n poging **om krag te bespaar**. | 1 |
| | | |
| 5.1.13 | duurder<br>*(sp)* | 1 |
| | | |
| 5.1.14 | hulle | 1 |

**VRAAG 5.2**

**TEKS G: PRENT**
[Verwerk uit *https://rb.gy/hpvj6q*]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | hanswors/nar/harlekyn | 1 |
| 5.2.2 | verwelkom | 1 |
| 5.2.3 | Die kulkunstenaar het **vandag 'n haas vinnig** uit sy hoed getrek. | 1 |
| 5.2.4 | springende<br>*(sp)* | 1 |
| 5.2.5 | balletjie<br>*(sp)* | 1 |
| 5.2.6 | seeleeu | 1 |
| | | **[20]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **80** |

Kopiereg voorbehou